# HOOFSTUK V.

## DIE TOELATINGSOUDERDOM VAN LEERLINGE EN VERPLIGTE SKOOLBESOEK.

1. Toelatingsouderdom: 'n Kort samevatting vooraf.

Voordat 'n historiese oorsig gegee word van die wysigings wat met verloop van tyd ten opsigte van die toelatingsouderdom van leerlinge in Kaaplandse skole aangebring is, asook die omstandighede wat telkens sodanige wysigings voorafgegaan het en die uitwerking wat dit telkens gehad het, word duidelikheidshalwe die kern van die betrokke artikels (in die ordonnansies) hier aangegee:

(i) Tot 1919 was daar geen wet of bepalings aangaande die toelatingsouderdom van leerlinge nie.

(ii) Artikel 4 van Ordonnansie nr. 8 van 1919: Vanaf de invoering van deze Ordonnantie wordt geen kind toegelaten tot een door het Departement van Openbaar Onderwijs gesubsidieerde school totdat hij zijn zesde jaar voltooidt heeft ..... (behoudens sekere bepalings).

(iii) Artikel 241 van Ordonnansie nr. 5 van 1921: Van de invoering van deze Ordonnantie wordt geen kind in een school toegelaten totdat het zijn zesde jaar voltooid heeft ..... (behoudens sekere bepalings).

(iv) Artikel 13 van Ordonnansie nr. 12 van 1941: Artikel 241 van die Hoofordonnansie (d.w.s. Nr. 5 van 1921) word hierby gewysig deur die woorde „totdat het zijn zesde jaar voltooid heeft" te skrap en die woorde „voor het begin van het kalenderjaar waarin het de leeftijd van zes jaar bereikt" in die plek daarvan te stel ..... (behoudens sekere bepalings).

(v) Artikel 4 van Ordonnansie nr. 10 van 1950: Geen kind word tot 'n skool toegelaat totdat hy die

leeftyd van vyf jaar en ses maande bereik het nie ..... (behoudens sekere bepalings).

(vi) Artikel 113 van Ordonnansie nr. 20 van 1956: Geen kind wat voor die eerste dag van Julie van die kalenderjaar verjaar, word vroeër as die jaar waarin hy die ouderdom van ses jaar bereik tot 'n skool vir blanke leerlinge toegelaat nie, en geen kind wat na die dertigste dag van Junie van die kalenderjaar verjaar, word vroeër as die jaar waarin hy die ouderdom van sewe jaar bereik tot so 'n skool toegelaat nie ..... (behoudens sekere bepalings).

2. <u>Toelatingsouderdom: 'n Historiese oorsig</u>.

(a) <u>Ordonnansie nr. 8 van 1919</u>:

Soos later uit ons bespreking van verpligte skoolbesoek sal blyk,[1] bevat Wet nr. 35 van 1905 verskeie artikels wat oor leerplig handel, maar nòg in dié Wet nòg in Ordonnansie nr. 7 van 1917, wat verdere bepalings oor verpligte skoolbesoek bevat, kom daar enigiets voor aangaande die ouderdom waarop kinders tot 'n skool toegelaat mag word.

In Ordonnansie nr. 8 van 1919 is daar vir die eerste keer neergelê op watter leeftyd 'n kind skool toe mag kom. Die betrokke artikel[2] lui soos volg:

> Vanaf de invoering van deze Ordonnantie word geen kind toegelaten tot een door het Departement van Openbaar Onderwijs gesubsidieerde school totdat hij zijn zesde jaar voltooid heeft, behoudens, dat kinderen onder de leeftijd van zes jaar die ingeschreven zijn bij een gesubsidieerde school bij de invoering van deze Ordonnantie, vrijgesteld zullen zijn van de bepalingen van dit artikel en dat de Superintendent-Generaal van Onderwijs in speciale omstandigheden kan toelaten, dat een kind beneden de ouderdom van zeven jaar medegeteld en toegelaten kan worden bij het

---

1) Sien p. 94 et seq.

2) Artikel 4 van Ordonnansie nr. 8 van 1919.

> opmaken van het nodige getal leerlingen vereist voor het oprichten van een primaire of private plaatsschool, en voorts, met dien verstande, dat geen kind, toegelaten na de invoering van deze Ordonnantie, dat niet zijn zevende jaar voltooid heeft, vrijgesteld zal worden van betaling van schoolgelden.

Terwyl kinders van enige ouderdom voorheen tot 'n skool toegelaat kon word, was die uitwerking van bogenoemde ordonnansie dat, behalwe in spesiale gevalle, geen kind onder die ouderdom van ses jaar na die inwerkingtreding van die ordonnansie as leerling by 'n skool ingeskryf kon word nie. Die S.G.O. het die bepaling so belangrik geag dat hy dit in sy jaarverslag breedvoerig bespreek het en op sowel die voor- as die nadele daarvan gewys het. Die vernaamste argument ten gunste van die bepaling was dat dit volgens mediese en ander getuienis nie vir 'n kind goed is, liggaamlik en geestelik, om voor sy sesde jaar skool toe te gaan nie. Aan die ander kant is daar deur maatskaplike werksters aangevoer dat in dig bevolkte gebiede 'n arm kind geen ander speelplek as die straat het nie en dat dit dus in sy belang is as hy op baie jeugdige leeftyd van die straat geneem en in 'n beter omgewing (op skool) geplaas word.[3)]

Ook in die Onderwysgaset het die Departement die vasgestelde toelatingsouderdom verdedig deur daarop te wys dat daar na die mening van byna alle gesaghebbendes liefs nie met die grondbeginsels van lees, skryf en reken begin moet word voordat 'n kind ses jaar oud is nie; en, nadat toegegee is dat vir kinders van baie jeugdige leeftyd die toesig van selfs 'n voortreflike kindertuinonderwyseres gewoonlik 'n swak plaasvervanger vir die liefhebbende sorg van 'n moeder is, volg hierdie woorde: „There are cases where the children would be better off in a kindergarten than they would be at home; but it is

---

3) S.G.O.-verslag, 1919, p. 5.

precisely the parents of such children that have too little interest to send them to school before the operation of compulsion at the age of seven."[4)]

Dit is van belang om daarop te let dat twee van die drie kindertuininstruktrises ook die ordonnansie in hul verslae bespreek het en dat, terwyl die een (mej. Swain) die bepaling betreur het en dit 'n „setback and great discouragement to teachers and instructresses" genoem het, die ander een (mej. Tismeer) dit toegejuig het, hoofsaaklik omdat dit vir baie ouers onmoontlik was om hul kinders voor hul agste of selfs neënde jaar skool toe te stuur en daar voortaan nie meer heel kleintjies (van onder ses jaar) in dieselfde klas as betreklike groot kinders van agt jaar en ouer sou wees nie.[5)]

Die kindertuinmetodes wat in Kaaplandse skole toegepas is, was eintlik net vir leerlinge onder die ouderdom van sewe jaar bedoel, en met die aanname van Ordonnansie nr. 8 van 1919 het die gedagte blykbaar in sommige kringe posgevat dat die nuwe wetsverordening tot die afskaffing van alle kindertuinmetodes van onderrig sou lei;[6)] gevolglik het die Departement in 'n kennisgewing in die Onderwysgaset verklaar dat dit nie die geval is nie en bygevoeg dat, indien 'n kind op sesjarige ouderdom skool toe gaan, kindertuinmetodes nog, in soverre dit nodig geag word, gedurende sy eerste jaar op skool toegepas mag word.[7)]

(b) Ordonnansie nr. 5 van 1921:

Dit was 'n ordonnansie ter konsolidering en wysiging van die Wet op die Onderwys, en 'n uittreksel uit artikel 241, wat oor die toelatingsouderdom van leerlinge handel, lui soos volg:

---

4) The Education Gazette, 19:1052, 13 Mei 1920.

5) S.G.O.-verslag, 1919, p. 46.

6) Die rede hiervoor was waarskynlik dat dit die heel eerste verordening insake die toelatingsouderdom van leerlinge – en dus iets vreemds –– in Kaaplandse skole was.

7) The Education Gazette, 19:293, 16 Okt. 1919.

> Van de invoering van deze Ordonnantie wordt geen kind in een school toegelaten totdat het zijn zesde jaar voltooid heeft; behoudens ..... dat geen kind, dat zijn zesde jaar voltooid heeft, doch niet zijn zevende jaar heeft voltooid, wordt toegelaten tot enige school waarin het onderwijs vrij is overeenkomstig de bepalingen van hoofdstuk 20 hiervan,[8] tenzij de betrokken raad (of het Departement waar de school niet onder een raad is) zichzelf overtuigd heeft dat er geen kinderen van het gedwongen leeftijd-tijdperk (zeven tot zestien) zijn, wier schoolbezoek aan zodanige school daardoor zou verhinderd worden.

Die posisie was dus nog - en sou dit ook die volgende 20 jaar bly - dat 'n kind nie tot 'n skool toegelaat kon word voordat hy ses jaar oud was nie; en 'n nuwe bepaling wat nou bygevoeg is, was dat kinders van ses jaar oud nie tot 'n gewone skool (met vry onderwys tot en met standerd ses) toegelaat mag word indien kinders van leerpligtige leeftyd (sewe tot sestien) daardeur verhinder sou word om sodanige skool by te woon nie.

Die Onderwysadministrasiekommissie van 1923 (onder voorsitterskap van dr. J.G. Lawn) het dit oorweeg of kinders voor hul sesde verjaarsdag tot die skool toegelaat behoort te word, maar het besluit om aan te beveel dat dit nie voor die voltooiing van hul sesde jaar moet wees nie.[9]

Ook die Adviserende Komitee insake Onderwys van 1927 (onder voorsitterskap van dr. G.G. Cillié) het aan die toelatingsouderdom van leerlinge aandag geskenk en aanbeveel dat 'n kind wat in die eerste helfte van die jaar sy sesde verjaarsdag bereik, in Januarie of Julie van daardie jaar tot die skool toegelaat mag word; en dat 'n kind wat in die tweede helfte van die jaar sy sesde verjaarsdag bereik, in Julie van daardie jaar of in Januarie van die vol-

---

8) In hoofstuk 20 word neergelê dat, behalwe waar anders bepaal word, die onderwys in alle skole onder beheer van 'n raad vry is in alle klasse tot en met standerd ses.

9) Education administration commission, first report, 1923, p. 9.

gende jaar toegelaat mag word.[10] Daar is egter nie uitvoering gegee aan hierdie aanbeveling en ook nie aan 'n verdere aanbeveling van die Adviserende Komitee nie, naamlik dat toelating (van kinders onder sewe) slegs twee keer per jaar mag geskied.[11]

Die subsidie wat die Provinsiale Administrasie van die Regering ontvang het, het ten nouste saamgehang met die ouderdom van die leerlinge. Ofskoon kinders van ses jaar oud destyds tot die skool toegelaat is, is die subsidie wat die Regering aan die Provinsiale Administrasie betaal het, slegs op die gemiddelde skoolbesoek van leerlinge van sewe jaar en ouer gebaseer. Die onderwysersverenigings was hierteen gekant en in 1929 is 'n beskrywingspunt deur die S.A.O.U. en die S.A.T.A. gesamentlik aangeneem waarin die Uitvoerende Komitee versoek is om die skoolbesoek van leerlinge van ses jaar oud by te reken vir subsidiedoeleindes. Die Administrateur se antwoord op die beskrywingspunt was kort en bondig: „This is a matter between the Union Government and the Province entirely."[12] Die jaar daarop het die S.A.O.U. weer 'n beskrywingspunt met dieselfde versoek aangeneem en is die volgende antwoord van die Administrateur ontvang: „Dit is 'n saak van subsidie en dus vir die Unieregering. Alle pogings in hierdie rigting het tot nog toe misluk."[13]

Die S.G.O. bepleit ook in sy 1929-verslag die betaling van subsidie ten aansien van die skoolbesoek van leerlinge wat tussen ses en

---

10) Verslag van die adviserende komitee insake onderwys, 1927. (In Die Onderwysgaset, 26:677, 15 Sept. 1927).
11) Ibid.
12) Die Unie, 23:248, Maart 1929.
13) Die Unie, 24:314, Jun. 1930.

sewe jaar oud is. Hy wys daarop dat in byna alle beskaafde lande van die wêreld ses jaar beskou word as die laatste waarop 'n kind vir die eerste keer skool toe moet gaan; en, waar Suid-Afrikaners reeds twee tale het om te leer, sal hulle 'n agterstand hê indien hulle op sewejarige leeftyd eers op skool kom. Hy spreek dus die vertroue uit dat die saak spoedig reg gestel sal word (deur die betaling van subsidie ook in die geval van sesjarige leerlinge), sodat toereikende voorsiening vir kinders van ses jaar oud in die skole gemaak kan word.[14)]

In 1935 het daar 'n verandering gekom. Kragtens die bepalings van die Wet tot Verdere Wysiging van Provinsiale Subsidies en Belastingsbevoegdhede (Wet nr. 50 van 1935) sou die subsidie betaalbaar deur die Unieregering aan die Provinsiale Administrasie, wat tot daardie jaar op die gemiddelde skoolbesoek van leerlinge van sewe jaar en ouer gebaseer is, voortaan ook betaalbaar wees ten aansien van die skoolbesoek van leerlinge wat die ouderdom van ses jaar, maar nog nie die ouderdom van sewe jaar bereik het nie.[15)]

Die gevolg van die Regering se besluit om subsidie ten opsigte van sesjarige leerlinge te betaal, was dat hierdie leerlinge vir personeelvoorsieningsdoeleindes ingesluit is; en 'n verdere belangrike gevolg was dat die getal leerlinge van onder sewe jaar in Kaaplandse skole „vrywel verdubbel het."[16)]

(c) <u>Ordonnansie nr. 12 van 1941</u>:

Die toelatingsouderdom van leerlinge is in

---

14) S.G.O.-verslag, 1929, p. 29.
15) Die Onderwysgaset, 34:581, 11 Jul. 1935.
16) S.G.O.-verslag, 1941-1945, p. 32.

1941 gewysig. Artikel 13 van Ordonnansie nr. 12 van 1941 lui soos volg:

> Art. 241 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig en word van krag vanaf 1 Januarie 1942, (a) deur die woorde „totdat het zijn zesde jaar voltooid heeft" te skrap en die woorde „voor het begin van het kalenderjaar waarin het de leeftijd van zes jaar bereikt" in die plek daarvan te stel, (b) deur die woorde „dat zijn zesde jaar voltooid heeft, doch niet zijn zevende jaar heeft voltooid" te skrap en die woorde „onder zeven jaar" in die plek daarvan te stel.

Die uitwerking van bogenoemde ordonnansie was dat 'n kind tot 'n skool toegelaat kon word aan die begin van die kalenderjaar waarin hy die leeftyd van ses jaar bereik. Voor hierdie wysiging kon 'n kind nie toegelaat word voordat hy werklik die ouderdom van ses jaar bereik het nie.

Na aanleiding van die nuwe bepaling aangaande die toelating van leerlinge het die Superintendent-generaal van Onderwys die volgende reëls opgestel:

> Die naam van enige leerling onder die ouderdom van ses jaar wat tot die skool toegelaat is, moet op 'n aparte bladsy van die Register van Skoolbesoek ingeskryf word. Hierdie bladsy moet die duidelike opskrif „Leerlinge onder Ses" dra.
>
> Die naam van die leerling wat toegelaat is voordat hy die ouderdom van ses jaar bereik het, moet in die register oorgedra word na die groep leerlinge van ses jaar en daarbo op die dag waarop hy die ouderdom van ses jaar bereik .....
>
> Kinders onder die ouderdom van ses jaar wat tot 'n skool toegelaat is, sal nie vir personeelvoorsiening getel word nie.[17)]

Hierdie reëls het van krag gebly tot 29 November 1956, toe die Superintendent-generaal van Onderwys dit deur 'n kennisgewing in die Onderwysgaset herroep en deur ander vervang het.[18)]

In sy verslag oor die jare 1941-1945 het die Superintendent-generaal van Onderwys die uitwerking bespreek van artikel 13 van Ordonnansie nr. 12 van

---

17) Die Onderwysgaset, 40:1563, 27 Nov. 1941; asook Die Onderwysgaset, 44:1145, 1 Nov. 1945.

18) Die Onderwysgaset, 55:2160, 29 Nov. 1956.

1941, wat dit vir kinders moontlik gemaak het om tot 'n skool toegelaat te word vanaf die begin van die kalenderjaar waarin hulle die ouderdom van ses jaar bereik. Hy het tereg daarop gewys dat, aangesien daar destyds twee toelatingsdatums (in Januarie en in Julie) was vir kinders wat vir die eerste keer skool toe gaan, die gemiddelde ouderdom van „nuwe inskrywelinge" met verloop van tyd vyf jaar en ses maande sou word.[19]

(d) Ordonnansie nr. 10 van 1950:

In 1950 is die bepaling met betrekking tot die toelating van leerlinge weer gewysig. Die eerste deel van artikel 4 van Ordonnansie nr. 10 van 1950 lui soos volg:[20]

> Geen kind word tot 'n skool toegelaat totdat hy die leeftyd van vyf jaar en ses maande bereik het nie ...

Ingevolge artikel 13 sou hierdie ordonnansie op 1 Januarie 1951 in werking tree.

Die vernaamste wysiging wat in die nuwe ordonnansie aangebring is, was dat, terwyl kinders van 1941 tot 1950 tot 'n skool toegelaat kon word aan die begin van die kalenderjaar waarin hulle die ouderdom van ses jaar bereik, 'n kind van 1 Januarie 1951 af nie toegelaat kon word voordat hy die leeftyd van 5½ jaar bereik het nie.

Kragtens 'n nuwe reël wat deur die Superintendent-generaal van Onderwys neergelê is, sou kinders onder sewe jaar voortaan op geen ander tyd as aan die begin van òf die eerste òf die derde skoolkwartaal tot 'n skool toegelaat word nie:

> Onderworpe aan die voorafgaande voorbehoudsbepalings mag 'n kind wat minstens vyf jaar en ses maande oud is op die openingsdag van die eerste of die derde skoolkwartaal, op

---

19) S.G.O.-verslag, 1941-1945, p. 32.

20) Dit vervang art. 241 van Ordonnansie nr. 5 van 1921, soos gewysig by art. 13 van Ordonnansie nr. 12 van 1941.

> die openingsdag van daardie kwartaal toegelaat word. Toelating op enige ander tyd gedurende die skooljaar is verbode tensy die kind die skoolpligtige leeftyd van sewe jaar bereik het .....21)

Omdat daar in die vyftigerjare behoefte gevoel en aandag geskenk is aan 'n ordonnansie tot samevatting en wysiging van die Wet insake Onderwys, het die S.G.O. op 8 Junie 1954 'n komitee onder voorsitterskap van mnr. D.J. Liebenberg, destydse Hoofinspekteur van Skole en latere Superintendent-generaal van Onderwys, benoem met opdrag om ondersoek in te stel en aanbevelings te doen in verband met:

(a) Die gewenste toelatingsouderdom van kinders tot skole.

(b) Die wenslikheid om kinders tot die skool toe te laat anders as aan die begin van die skooljaar.22)

Hierdie komitee, wat uit tien lede bestaan het, het verskeie kere vergader en die toestande, behoeftes en probleme onder die bestaande ordonnansie in oënskou geneem; en, nadat die komitee oorweging geskenk het aan navorsing wat in Suid-Afrika en ander Westerse lande gedoen is, veral ten opsigte van leesgereedheid, skrifgereedheid, gereedheid vir spel en rekengereedheid, is sy verslag, wat van besonder deeglike werk getuig, opgestel en is die volgende aanbeveel:

> Met inagneming van die organisatoriese en opvoedkundige probleme wat uit die huidige stelsel van toelating voortspruit, en die gebruik dat die oorgrote meerderheid van skole reeds leerlinge slegs een maal per jaar toelaat, dit wil sê aan die begin van die skooljaar inskrywe, wil u komitee die volgende eenparige aanbevelings vir u oorweging voorlê:
>
> (i) Dat alle kinders wat voor of op 30 Junie ses jaar oud sal wees, aan die begin van die skooljaar ingeskrywe word.

---

21) Die Onderwysgaset, 49:1873, 16 Nov. 1950.

22) Verslag, Liebenberg-komitee, 1956, p. 1.

(ii) Dat leerlinge slegs een maal per jaar ingeskrywe word.
(iii) Dat die huidige ordonnansie dienooreenkomstig gewysig word.
(iv) Dat die res van die ordonnansie ongewysig bly.[23]

(e) <u>Ordonnansie nr. 20 van 1956:</u>

Dit is 'n ordonnansie tot samevatting en wysiging van die Wet insake Onderwys, en artikel 113, wat oor die toelatingsouderdom van leerlinge handel, lui soos volg:

> Geen kind wat voor die eerste dag van Julie van die kalenderjaar verjaar, word vroeër as die jaar waarin hy die ouderdom van ses jaar bereik, tot 'n skool vir blanke leerlinge toegelaat nie, en geen kind wat na die dertigste dag van Junie van die kalenderjaar verjaar, word vroeër as die jaar waarin hy die ouderdom van sewe jaar bereik, tot so 'n skool toegelaat nie; met dien verstande dat
> (a) die Departement kan toelaat dat 'n kind vroeër toegelaat word ten einde die getal leerlinge aan te vul wat vir die stigting of voortbestaan van 'n laerskool of 'n plaasskool nodig is, en
> (b) geen kind onder die ouderdom van sewe jaar toegelaat word tot 'n skool waarin die onderrig vry is nie, tensy die betrokke raad of bestuurder vasgestel het dat geen kind vir wie skoolbesoek ingevolge subartikel (1) van artikel honderd-en-veertien[24] verpligtend is, daardeur verhinder sal word om sodanige skool te besoek nie.

Ingevolge die bepalings van artikel 116 van die ordonnansie kan die Superintendent-generaal van Onderwys ten opsigte van enige skool of skole reëls maak betreffende die toelating van leerlinge; en in die Onderwysgaset van 29 November 1956 het 'n kennisgewing verskyn dat --

> kinders onder die ouderdom van sewe jaar ooreenkomstig die bepalings van art. 113 van die Onderwysordonnansie, 1956, op geen ander tydstip as die begin van die eerste skoolkwartaal van 'n jaar toegelaat word nie, behalwe waar 'n kind om gesondheidsredes of om ander redes deur die Departement goedgekeur, nie in staat was om die skool aan die begin van genoemde kwartaal by te woon nie, in watter geval sodanige kind op aansoek in 'n latere stadium gedurende genoemde kwartaal toegelaat word.....[25]

---

23) Ibid., p. 8.

24) Artikel 114 handel oor leerplig.

25) Die Onderwysgaset, 55:2160, 29 Nov. 1956.

Sowel die nuwe ordonnansie as bogenoemde reël het op 1 Januarie 1957 in werking getree en is tans nog van krag. Die belangrikste wysigings wat daardeur aangebring is, is dat kinders onder sewe jaar nou net een keer per jaar, en wel aan die begin van die kalenderjaar, as leerlinge ingeskryf mag word en dan slegs as hulle voor of op 30 Junie van die jaar waarin hulle ingeskryf word, ses jaar oud sal wees.[26)]

Op die S.A.O.U.-Kongres van 1962 is 'n beskrywingspunt aangeneem waarin gevra word dat die bestaande ordonnansie so gewysig word dat 'n leerling in Januarie toegelaat word slegs indien hy op of voor 31 Maart van daardie jaar ses jaar oud word. Met ander woorde, die Onderwysersvereniging wil voorkom dat enige kind as leerling ingeskryf word voordat hy minstens 5¾ jaar oud is. Die S.G.O. het egter geantwoord dat hy „nie kans sien om hierdie versoek te ondersteun nie."[27)]

In 'n besluit wat in 1964 deur die Gesamentlike Raad van die S.A.O.U. en die S.A.T.A. aan die Departement gestuur is, word gevra dat leerlinge wat alreeds 'n staatskool in enige provinsie van die Republiek of 'n erkende skool in enige land bygewoon het, in Kaaplandse skole ingeskryf mag word mits sodanige leerlinge in die betrokke jaar ses word (al is dit nie voor of op 30 Junie nie). In sy antwoord verwys die S.G.O. na die bepalings van artikel 113 van Ordonnansie nr. 20 van 1956 en voeg daarby: „The Department regrets that it does not see its way clear to allow children to be admitted at an earlier age."[28)]

Soos verwag kan word, ontvang die Departement dikwels briewe van ouers wie se kinders net een dag

26) Sien ook S.G.O.-verslag, 1958, p. 5.
27) Die Unie, 60:29, Jul. 1963.
28) Die Unie, 61:427, Febr. 1965.

of 'n paar dae na 30 Junie verjaar, met die versoek dat sodanige kinders toegelaat moet word om aan die begin van die kalenderjaar waarin hulle die ouderdom van ses jaar bereik, as leerlinge ingeskryf te word. Die Departement se vertolking van die betrokke artikel in Ordonnansie nr. 20 van 1956 is egter dat dit geen uitsonderings magtig nie; indien 'n kind dus ná 30 Junie ses jaar oud word, word hy eenvoudig nie in daardie jaar tot die skool toegelaat nie.[29)]

3. Verpligte skoolbesoek: 'n Historiese oorsig.

(a) Omstandighede voor die instelling van leerplig in 1905:

Waarskynlik die eerste poging om 'n mate van verpligte skoolbesoek in skole vir blankes te verkry, is in 1804 aangewend, toe De Mist in sy Skoolorder bepaal het dat geen kind wat na 1 Januarie 1800 aan die Kaap gebore is, vir staatsbetrekkings waaraan 'n salaris van 300 Kaapse riksdalers of meer verbonde was, in aanmerking sou kom nie, tensy hy in een van die goedgekeurde skole onderwys ontvang het.[30)]

Verskeie Hollandse predikante het in 1861, in 'n skriftelike antwoord op 'n vraag deur die Watermeyer-kommissie, verklaar dat hulle ten gunste van verpligte skoolbesoek is, terwyl ander hul baie beslis daarteen uitgespreek het. Ds. C. Murray van Clanwilliam het die sienswyse

---

29) Hierdie vertolking blyk uit talle briewe wat die Departement die afgelope paar jaar aan ouers en ander belanghebbendes geskrywe het. Vgl. die briewe geskrywe op 5 Maart 1963, 22 Aug. 1963, 17 Jan. 1964, 7 Febr. 1964 en 28 Febr. 1964 -- almal onder dekking van verwysingsnommer L1/0/25/6.

30) Skoolorder van De Mist. Aangehaal deur Van der Westhuizen, W.S., op. cit., p. 5. Sien ook Fremantle-verslag, 1912, p. 235.

van baie predikante vertolk deur die volgende antwoord: „I am ..... averse to the idea of compulsion. On the other hand, unless education be made compulsory, I do not see how the standard of education in these parts is to be raised."31) Ds. G.W. Stegmann van Adelaide het ook verskeie predikante se sienswyse vertolk deur te verklaar: „In this country it is impracticable, in fact, impossible."32) Die kommissie het in sy verslag geen aanbeveling met betrekking tot leerplig gedoen nie.

In 1870 verklaar die S.G.O. in sy jaarverslag: „The time is not far distant when an aggressive element must be introduced into the Education Act, so as to compel the unwilling and negligent parents to provide for what the State deems the necessary instruction of their children."33) Geen stappe is egter in dié rigting gedoen nie. Die De Villiers-kommissie van 1879 se bevinding was dat 'n mate van leerplig in stede en dorpe wat groot genoeg is om hul eie munisipaliteite te hê, ingevoer kan word, maar dat die tyd nog nie ryp is vir algemene leerplig in die Kolonie nie.34) Met verwysing na die verslag van die De Villiers-kommissie verklaar die S.G.O. die volgende jaar dat die toepassing van verpligte skoolbesoek na sy mening onuitvoerbaar is en waarsku hy teen die „great risk ..... of rendering the system odious to the public by making its provisions too stringent."35) Drie jaar later verklaar D. Ross, die „Inspector-General of Schools and Colleges", in sy verslag dat, wat nodig is, nie wette is om skoolbesoek verpligtend te maak nie, maar 'n verbetering in die gehalte van die onderwysers en hul werk ten einde die simpatie van sowel ouers as

31) Watermeyer-verslag, 1863, Bylae I, p. 21.
32) Ibid., p. 43.
33) S.G.O.-verslag, 1870, p. 8.
34) Verslag, De Villiers-kommissie, 1879, p. xix.
35) S.G.O.-verslag, 1880, p. 15.

leerlinge te verkry,[36] en spreek hy verder in sy verslag die mening uit dat leerplig nie 'n saak vir die hede of selfs die nabye toekoms is nie.[37]

Baie van die persone wat voor die Onderwyskommissie van 1891 getuienis afgelê het, was ten gunste van leerplig; onder andere dr. Andrew Murray, wat dit egter nie vir die buitedistrikte ook wou aanbeveel ~~nie~~ nie,[38] en die heer J.H. Hofmeyr, L.W.V., wat net „a modified compulsory attendance" aanbeveel het en 'n stelsel van leerplig geleidelik wou laat invoer.[39] Die kommissie spreek in sy verslag die mening uit dat „a law compelling the attendance of school age children[40] ought to be passed without delay," maar voeg daarby dat so 'n wet slegs in die dig bevolkte sentrums onmiddellik toegepas kan word en beveel aan dat, waar skoolrade vir spesifieke gebiede in die lewe geroep word, sodanige rade die mag moet hê om, onderworpe aan die goedkeuring van die Onderwysdepartement, die wet in werking te stel.[41]

In sy eerste jaarverslag as S.G.O. noem Thomas Muir die drie dringendste sake wat sy aandag verg („three predominant requirements") en een daarvan is die kwessie van leerplig.[42] Verskeie skoolinspekteurs het ook in hul afsonderlike jaarverslae die wenslikheid van leerplig bespreek en veral insp. G.P. Theron het hom in 1894 baie sterk ten gunste daarvan uitgespreek. Volgens hom het daar geen twyfel bestaan dat dit in die stedelike gebiede absoluut nood-

---

36) Ross, Donald, op. cit., p. 8.

37) Ibid., p. 70.

38) Verslag, Barry-kommissie, 1891, getuienis Murray, 1e bd., p. 158, par. 2253.

39) Ibid., 3e bd., third and final report, p. 58, par.9648.

40) Met „school age" word bedoel 5 tot 14 jaar. Vgl. die derde band van die verslag van die kommissie, voetnoot op p. 3.

41) Verslag, Barry-kommissie, 1891, p. 12.

42) S.G.O.-verslag, 1892, p. 43.

saaklik was en prakties uitvoerbaar sou wees nie, en hy was ook oortuig daarvan dat dit feitlik orals op die platteland met welslae toegepas kon word, „notwithstanding the very sparse and scattered population."[43]

Ingevolge artikel 60 van Wet nr. 35 van 1905 (die Skoolradewet) is aan skoolrade die mag verleen om skoolbesoek verpligtend te maak vir blanke leerlinge wat die ouderdom van sewe jaar bereik het. Dit was die eerste keer dat die instelling van leerplig in Kaaplandse skole gemagtig is en die beginsel is met omsigtigheid ingevoer, deurdat dit aan die skoolrade oorgelaat is om dit toe te pas, terwyl die Regering aan die ander kant die reg voorbehou het om te eniger tyd na verstryking van drie jaar vanaf die afkondiging van die wet, leerplig in te stel.[44]

(b) <u>Die leerpligtige leeftyd sedert 1905</u>:

Die bepaling in Wet nr. 35 van 1905 waarvolgens dit van skoolrade afgehang het of leerplig in bepaalde gebiede ingevoer sou word of nie,[45] mag aanvanklik wenslik geblyk het, maar op die duur sou dit nie bevredigend wees nie. Sewe jaar na die aanname van die wet beveel die Fremantle-kommissie aan dat leerplig, „zoals bepaald in de tegenwoordige Kaapse Wet", algemeen gemaak word[46] en teen 1913 was leerplig al dwarsdeur die provinsie ingevoer ten opsigte van kinders tussen sewe en veertien jaar.[47] By artikel 1(a) van Ordonnansie nr. 7 van 1917 word verorden dat gereelde skoolbesoek in die Kaapprovinsie verpligtend is vir álle blanke leerlinge tussen sewe en vyftien jaar, in Ordonnansie nr. 8 van 1919 word net die boonste grens van leerplig na

---

43) S.G.O.-verslag, 1894, p. 67.
44) Fremantle-verslag, 1912, p. 235-236.
45) Vide supra.
46) Fremantle-verslag, 1912, p. 237.
47) Fowler, C. de K. Skooladministrasie in die Kaapprovinsie, p. 86.

sestien jaar verhoog en in Ordonnansie nr. 5 van 1921 word dit herbevestig.[48)]

Die Onderwysadministrasiekommissie van 1923 verklaar in sy verslag dat, hoewel hy baie getuienis aangehoor het waarin bepleit word dat die leerpligtige leeftyd van sewe tot ses jaar vervroeg word, hy dit nie kan aanbeveel nie, o.a. omdat verpligte skoolbesoek skadelik sou wees vir die groot aantal sesjarige kinders wat ver van die naaste skool af woon. Buitendien, vervolg die kommissie in sy verslag, word kinders van ses jaar oud wel toegelaat om skool te gaan, sodat „the case of those children who can attend easily, and with profit, from the age of six, is sufficiently met .....“[49)]

Omstreeks 1930 het die S.A.O.U. verskeie kere aanbeveel dat onderwys vir elke kind van sy sesde (tot sy vyftiende) jaar verpligtend sal wees.[50)] In 'n referaat wat dr. W. de Vos Malan, latere Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, op die S.A.O.U.-Kongres van 1929 gelewer het, pleit hy daarvoor dat die onderste grens van leerplig op 6 - 7 jaar gestel word en noem dit „skuifbare jare aan die begin." Hy wou in gevalle waar daar 'n skool naby die ouerlike woning is, verpligte toetreding tot die skool in normale omstandighede op sesjarige leeftyd laat geskied, maar wou nie 'n ouer op die platteland dwing om sy kind op sesjarige leeftyd elke môre en elke middag 'n groot afstand na en van die naaste skool te laat

---

48) Van 1919 af word daar in elke ordonnansie wat oor leerplig handel, bepaal (vgl. artikel 238 van die 1921-Ordonnansie) dat skoolbesoek vir blanke leerlinge verpligtend is totdat hulle die ouderdom van 16 jaar bereik. Dit word voortaan nie telkens in hierdie studie genoem nie omdat ons hier slegs in die onderste grens van leerplig geïnteresseerd is.

49) Report of the education administration commission. First report, 1923, p. 2 en p. 9.

50) Vgl. Die Unie, 24:121, Nov. 1929; 24:216, Febr. 1930; en 24:286, Mei 1930.

loop of ry nie.[51] Daar het egter niks van dr. Malan se voorstel gekom nie.

In die De Villiers-verslag van 1948 word aanbeveel dat „verpligte onderwys sal begin van die begin van die skool-halfjaar af wat onmiddellik volg op die datum waarop die kind die leeftyd van 6 jaar bereik;[52] en in sy voorsittersrede op die S.A.O.U.-Kongres van 1949 bepleit dr. C.F. Gunter die invoering van leerplig „vir elke normale kind vanaf die begin van die jaar waarin hy 7 jaar word, d.i. op die ouderdom van 6-plus."[53] Ook dr. H.E. van Zyl is 'n sterk pleitbesorger vir vervroeging van die onderste grens van leerplig. Hy verlang, net soos dr. Gunter, dat die onderste grens „só gewysig word dat kinders leerpligtig is vanaf die begin van die kalenderjaar waarin hulle die ouderdom van 7 jaar bereik."[54]

Ten spyte van bogenoemde pogings is die onderste grens van leerplig in Kaaplandse skole nog steeds sewe jaar. Die betrokke artikel in die ordonnansie wat sedert 1956 van krag is,[55] lui soos volg:

> Gereelde skoolbesoek is vir elke blanke kind verpligtend met ingang van die datum waarop hy die ouderdom van sewe jaar bereik .....

---

51) Die Unie, 24:188-189, Febr. 1930.

52) De Villiers-verslag, 1948, p. 32, voetnoot (3).

53) Die Unie, 44:239, Mei 1949.

54) Van Zyl, H.E., op. cit., p. 204. Sien ook Die Unie, 48:155, Jan. 1953.

55) Artikel 114 van Ordonnansie nr. 20 van 1956.